


Leef jonk-jonk lekker... en jy sal later huil

Begin vroeg spaar vir jou aftrede

Adri van Zyl

Saterdag 05 Julie 2014



Dink twee keer voordat jy jou swaarverdiende geld uitgee op daardie groot plaskerm-TV of ander lank begeerde luukse item.

Min mense weeg die uitgawe aan so 'n luukse item op teen die voordele daarvan om eerder daardie bedrag te spaar.

As jy die sommetjie sou maak, sou jy agterkom presies hóé duur daardie luukse bederfie jou eintlik te staan kom.

Veral jong mense trap in die slaggat om te koop eerder as om te spaar. Só maak hulle een van die grootste finansiële foute wat 'n mens kán maak, sê Stephen Nathan, uitvoerende hoof van 10X Investments.

“Die drie grootste redes waarom so baie mense nie gerieflik kan aftree nie, is dat hulle nie vroeg genoeg begin spaar nie, te min spaar en nie opgelope pensioengeld bewaar as hulle van werk verander nie.”

Daardie plaskerm-TV kan beteken dat jy op jou oudag swaarkry.

Tom en Herman

Nathan gebruik die voorbeeld van Tom en Herman om dié punt te illustreer.

Tom en Herman spaar albei R10 000 per jaar vir aftrede, maar op die ouderdom van 65 het Tom R1,4 miljoen en Herman net R838 017.

Wat is die verskil? Tom het toe hy 20 was al die luukse prysgegee en begin spaar. Op 30, toe hy by die punt in sy lewe kom waar uitgawes aan sy kinders en 'n huisverband 'n groot deel van sy inkomste ingesluk het, het Tom ophou spaar.

Tom en Herman

Tom en Herman spaar albei R10 000 per jaar vir aftrede, maar op die ouderdom van 65 het Tom R1,4 miljoen en Herman net R838 017. Dis omdat Tom op 20 begin spaar het (en net 10 jaar lank gespaar het) en Herman eers op 35 (en toe 30 jaar lank gespaar het).

As sy spaargeld met 8% per jaar gegroei het, het hy in daardie stadium R139 716 gehad.

Bloot deur sy spaargeld uit te los, groei dit oor die volgende 35 jaar tot R1,4 miljoen.

Herman begin egter eers op 35 jaar spaar, en spaar dan 30 jaar lank R10 000 per jaar.

Met 'n 8%-opbrengs het hy aan die einde van die tydperk R838 017.

Jy lees reg: Tom het net R100 000 uit sy eie sak gespaar terwyl Herman R300 000 gespaar het. Tog het Tom uiteindelik heelwat meer geld, bloot omdat hy vroeër begin het.

As Herman op die ouderdom van 65 dieselfde bedrag as Tom wil hê, sou hy R21 000 per jaar moes gespaar het.

Estelle Scholtz-Mare, hoof van finansiële welvaart by Momentum, sê dit kan jou miljoene rand in die sak bring as jy vroeg begin spaar.

“Dis beter om nou die soesji en ontwerpersklere prys te gee en meer beskeie te leef.”

Die tweede probleem is dat baie mense te min spaar.

Nathan sê om voldoende voorsiening te maak vir aftrede, moet 'n mens oor 'n tydperk van 40 jaar – van jou eerste salaris tot die laaste – elke maand 15% van jou salaris spaar.

“Hiervoor moet mens 'n duidelike doelwit stel en weet hoeveel geld gaan nodig wees vir 'n gerieflike aftrede.”

“
Die drie grootste redes waarom so baie mense nie gerieflik kan aftree nie, is dat hulle nie vroeg genoeg begin spaar nie, te min spaar en nie opgelope pensioengeld bewaar as hulle van werk verander

”
nie. - Stephen Nathan, uitvoerende hoof van 10X Investments.

Hoeveel geld het jy nodig?

'n Goeie riglyn is om voorsiening te maak vir 'n vervangingswaarde van 60% van jou finale jaarlikse salaris wanneer jy afgetree het. Om dit reg te kry, moet jy sowat 10 keer jou huidige jaarlikse salaris gespaar het.

Hoe vroeër jy begin, hoe beter, maar begin eerder laat as nooit.

“Terwyl jonger mense die voordeel van tyd aan hul kant het, het ouer mense die voordeel van 'n groter inkomste, wat beteken dat hulle meer kan spaar,” sê Scholtz-Mare. Maar om by 'n voldoende bedrag uit te kom, sal hulle luukshede moet prysgee. Kyk maar wat dit arme Herman sou kos.

Suid-Afrika is onder die top-15-lande wat betref bates in pensioen- en aftreefondse. Ongelukkig is die vroeë onttrekking van aftreegeld een van die redes waarom so min mense gerieflik kan aftree. Drie uit elke vier mense onttrek hul opgelope voordele as hulle van werk verander.

Die nasionale tesourie beplan maatreëls om 'n stokkie hiervoor te steek.

Julie is spaarmaand. Dit is dus 'n goeie tyd om nou 'n plan te maak om te begin. Herbesin oor jou uitgawes, vind uit hoeveel jy maandeliks moet spaar en probeer om daarby uit te kom.

As jy nog jonk genoeg is, besluit of jy op 65 Herman of Tom wil wees ...

<http://www.beeld.com/sake/2014-07-05-leef-jonk-jonk-lekker-en-jy-sal-later-huil?vc=d3f6d9dcf723916b1ed8ed5a6a6003be>